Beeld, 28.3.2016

# Skrywer moker 'Britse daders' vir ses

Niefiksie

**The Compassionate Englishwoman**
Robert Eales
UCT PRESS, R280




Hierdie opwindende werk oor 'n heldin vir Afrikaners, die Engelse Emily Hobhouse, het in 2014 in Australië verskyn, en nou het UCT Press van die Kaap vir hom 'n Suid-Afrikaanse baadjie aangetrek.

Die skrywer se agtergrond verras: 'n Engelssprekende oud-Suid-Afrikaner, met 'n meestersgraad van Oxford en 'n doktorsgraad van Wits se sakeskool, en wat sy lewe in die sakewêreld deurgebring het, sedert 1980 hoofsaaklik in Australië, Londen en San Francisco.

Onderliggend by die skrywer is daar dalk 'n sterk humaniteitsgevoel of woede oor die wreedhede van Britse imperialisme, maar met hierdie werk oor Emily Hobhouse en die wit konsentrasiekampe in die Anglo-Boereoorlog raak Eales 'n gevoelige snaar aan.

En hy moker die arrogansie van die Britse daders en mededaders aan die lyding en sterftes van Boere-burgerlikes vir 'n ses.

Om in te lig of die geheue te verfris: In die Anglo-Boereoorlog het Emily Hobhouse uit Engeland gekom en namens die South African Women and Children Distress Fund 'n aantal konsentrasiekampe vir Boere-burgerlikes besoek.

Geskok oor die toestande en toenemende sterftes in die kampe, het sy, terug in Engeland, ten spyte van verbete teenkanting, die regering gekonfronteer en sekere voorstelle vir verbetering van die toestande gemaak.

Eindelik het die regering 'n dameskomitee onder leiding van Millicent Fawcett uitgestuur, wie se aanbevelings bykans volledig met dié van Hobhouse ooreengestem het. Die toepassing daarvan en die feit dat lord Milner as administrateur van Transvaal en die Oranjerivierkolonie (die Vrystaat) in November 1901 beheer van die kampe by die Britse militêre opperbevelhebber, lord Kitchener, oorgeneem het, het tot gevolg gehad dat die sterftes in die kampe van 3 205 in Oktober 1901 tot slegs 196 in Mei 1902 afgeneem het.

Ná die oorlog het Hobhouse veel gedoen om die Boerevroue op te hef met onder meer die oprigting van verskeie spin- en weefskole.

Opvallend is die aantreklike skryfstyl, soos wanneer Hobhouse 'n brief oor die haglike toestande in die Bloemfonteinkamp vir mev. Pretyman, eggenote van die administrateur van die Oranjerivierkolonie, gee om in Kaapstad af te lewer: "These were not safe hands in which to place angry words."

Vernuftig is ook die plasing van Hobhouse se aktiwiteite binne die konteks van die militêre gebeure.

Eales skep 'n positiewe prentjie van Emily Hobhouse, wie se lewe in die teken van onbaatsugtige naastediens staan. Hy wys hoe sy Britse kritiek op die "vuil Boere" in die konsentrasiekampe platgeslaan het met die argument dat hulle geen seep ontvang het nie en dat daar onvoldoende water beskikbaar was.

Op die Londense *The Times* se beskuldiging dat die vegtende Boere die sorg van hul vroue en kinders opgegee en aan die Britte oorgelaat het, vra Eales: "Just who was it that burnt the farms and destroyed anything that could sustain human life?"

Die skrywer wys ook op die soort kritiek waarteen Hobhouse haar in Engeland vasgeloop het.

*The Times* skryf in reaksie op haar openbaringe van die skokkende toestande in die kampe in Suid-Afrika: "... everything possible under the unique conditions is being done for the people who suffer from the prolongation of hostilities".

Dus: Die lastige Hobhouse is verkeerd, en as die Boere oorgee, is die probleem opgelos. So eenvoudig.

Die beskuldiging dat Hobhouse nie aandag aan die lot van die inwoners van die swart konsentrasiekampe gegee het nie, word doeltreffend en genuanseerd deur Eales ontleed.

Sy voorstelling dat Hobhouse reeds voor haar vertrek uit Engeland van die bestaan van die konsentrasiekampe bewus was, is foutief – sy het eers toe sy in Kaapstad aangekom het om wat sy gedink het hawelose Boere-burgerlikes is, by te staan, van die kampe verneem.

Eales het nie werklik die soms openlik anti-Hobhouse-kwessies opgeneem wat deur Britse skrywers soos Elizabeth Stanley en Helen Dampier en die Suid-Afrikaanse Elizabeth van Heyningen geopper word nie.

Hy benut Van Heyningen slegs waar sy met sy pro-Emily-standpunte saamstem. Haar kritiek op Hobhouse wat ter wille van propagandadoeleindes die Boerevroue in die kampe voorgestel het asof almal gesofistikeerde middelklasmense was, verswyg hy.

Nietemin, in 'n tyd waar Suid-Afrikaners al hoe minder kennis dra van hoe ons verlede lyk, en veral Afrikaners gediskrediteer word vir wat hulle as kosbaar in hul verlede beskou, is hierdie werk 'n besonder welkome skat.

■ **Fransjohan Pretorius** *is emeritus professor in geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*